

21 Augustus

Matteus 6:25-34

(Teks: 6:34)

Bekommer reg!

Dikwels dink ons dat dit 'n sonde is om ons te bekommer, veral oor stoflike dinge. Mag ek bekommerd wees oor kos en klere? Mag ek bekommerd wees oor die kinders se welstand? So dikwels, juis na aanleiding van hierdie gedeelte, kan ons dink dat dit 'n teken van ongeloof is as ons bekommerd is.

Ons moet mooi lees wat hier gesê word.

In vers 30 noem Jesus dit nie *ongeloof nie*, maar *kleingeloof*. Daar is 'n groot verskil. *Ongeloof* beteken dat ek nie op die Here vertrou nie, terwyl *kleingeloof* beteken dat my vertrouwe op God klein geword het.

In hierdie lig kan ons hierdie gedeelte en vers 34 reg verstaan: Jesus sê in vers 34 dat elke dag genoeg bekommernisse van sy eie het. Jesus sê duidelik dat daar wel bekommernisse bestaan. Ek mag dus bekommerd wees. Hoe?

Ek mag nie oor môre bekommerd wees nie. Ek kan niks aan môre verander nie - dit moet nog kom. Verder is dit ook waar dat as ek my vandag bekommer oor môre se dinge, ek vandag se tyd verkeerd gebruik. Vandag moet ek werk vir die Koninkryk van God en sy wil (vers 33) - en daardie tyd mors ek as ek oor môre bekommerd is.

Elke dag moet ek dus die probleme en bekommernisse wat opduik net verantwoordelik hanteer en diensbaar wees in God se Koninkryk!

Sing Psalm 130:4

Ds. H.F. van Wyk (Primrose)